# SONNIES FLITSE

## SONNEVELD AKADEMIE SE NUUSBLAD

### Wat 'n ongelooflike kwartaal!

Ons kyk met groot dankbaarheid terug na 'n kwartaal vol hoogtepunte. Die leerders het behoorlik gewoeker met hulle talente en geskitter in hierdie kwartaal.

Buiten die gewone toetse, take en huiswerk is daar deelgeneem aan verskeie kunswedstryde. Daar is Entrepreneursdag gehou, Lentedag gevier, skyfskiet geoefen en dan natuurlik ure lank geoefen aan ons asemrowende produksie, ***Sonnies se Supersterre***.

Sonneveld Akademie het 'n vertoning op die planke gebring wat vir die leerders die geleentheid gebied het om hulle kultuurhonger siele te voed.

Die produksie is in die vorm van 'n verskeidenheidskonsert aangebied wat 'n ietsie van alles ingesluit het. Daar is gesing, gedans, gelag, toneelgespeel en verskeie instrumente bespeel. Dit was 'n fees vir die oog en oor. Die gehoor is betower deur die skouspel van lig, kleur, klank, kostuums en talent.


Ons kan maar net sê: *Viva I'Arte! Lank lewe die Kunste!*

Aan die einde van hierdie geseënde kwartaal is ons harte vol.

Aan God al die eer!



Karlien Fourie (bo) en De Wet Branders (onder) wys hoe dit gedoen word!







**Stephen King het die volgende gesê: "Talent is cheaper than table salt. What separates the talented individual from the successful one is a lot of hard work."**

# Uit die hoof se kantoor…

Terwyl ek vanoggend in my kantoor sit en onwillekeurig dink aan die planne vir die laaste kwartaal van 2022 val my oë op die skoolwapen teen die muur. Soos wat ek die lyne en kleure van ons skoolwapen opmerk, wonder ek hoeveel van ons onderwysers, leerders en ouers "ken" die skoolwapen en dit wat ons unieke embleem verteenwoordig.

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, HAT, omskryf 'n wapen of embleem as 'n unieke onderskeidingsteken van 'n groep mense met eenselwige doelwitte, strewes en waardes. Daarom het 'n skool, 'n kerk, 'n organisasie of klub sy eie wapen of embleem waarin hy sy eie waardes en wese in 'n sigbare voorstelling opneem.

In ons eie skoolwapen word die beelde saamgebring in 'n ovaal vorm. Die absolute soewereine heerskappy van God Drie-enig word hiermee gesimboliseer. Die oop boek as basis simboliseer die Bybel as die enigste, ware en volledige Woord van God.



Die saamgestelde vlam hou ons Christelike geloof en kultuur brandend en lewend.

Die gebruik van kleure in 'n embleem verteenwoordig ook bepaalde betekenisse wat vir die organisasie van groot waarde is. In die vlam is daar drie kleure teenwoordig.

Die rooi vlam dui op lewenskrag en kennis waar ons met die sleuteldraers van môre besig is.

Die geel vlam, ons Christelike geloof waarin ons dade en lewensbeskouings geanker is.



Links: Ons hoof Mnr. Steven Weber.

Die oranje vlam dui op ons eie Afrikaanse kultuur waarop ons trots is met die strewe om dit ook in ons jeug te vestig.

Die letters, "COA" vat dit dan mooi saam as "Christelike Onderrig in Afrikaans". Ons hele lewensbeskouing, trots en waardes hier by Sonneveld Akademie word dus mooi versinnebeeld in ons unieke onderskeidings-teken. Mag dit ons strewe bly om elke oomblik, met onvermoeide passie, hierdie verklaring uit te leef.

Waar ons nou aan die einde van kwartaal drie staan, is die spreekwoordelike wa reeds deur die drif gesleep. Kwartaal vier word hoofsaaklik gekenmerk deur prestasietoekennings, 'n nuwe leierkorps, beplanning vir die nuwe skooljaar en afrondingswerk. Die feit dat dit ook 'n tyd van rekenskap sal wees is natuurlik die belangrikste. Rekenskap van 'n jaar se werksaamhede sal in 'n eksamen gegee word wat sal bepaal hoe elke Sonnie se reis vorder na die era van volwassenheid.

Graag betuig ek my dank en waardering aan elke onderwyser, ouer en leerder wat met soveel toewyding gewerk het om ook hierdie kwartaal suksesvol af te sluit. Leerders, ek wens elkeen van julle 'n aangename wegbreek toe. Kom gefokus terug om met toewyding en harde werk jou drome te bewaarheid in die "Kwartaal van Rekenskap"!

Seënwense.

***Steven Weber***

# Skitterende Sonnies

Melissa Maffini

Baie geluk aan die Sonnies wat aan die begin van kwartaal 3 Top 5- en Top 10-toekennings ontvang het vir hulle uitnemende prestasie in kwartaal 2.

Sonneveld Akademie is baie trots op al hierdie hardwerkende leerders.

TOP 5: **Graad 1**



TOP 5: **Graad 2**



TOP 5: **Graad 3**



TOP 5: **Graad 4**



TOP 5: **Graad 5**



TOP 5: **Graad 6**



Mense wat niks doen nie, doen nie niks nie, hulle hinder dié wat werk.

CJ Langenhoven

TOP 5: **Graad 7**



TOP 5: **Graad 8**



TOP 5: **Graad 9**



TOP 5: **Graad 10**



TOP 5: **Graad 11**



TOP 5: **Graad 12**








*Die Top 10 in elke fase is ook aangewys.*

TOP 10: **Grondslagfase (Graad 1-3)**



TOP 10: **Intermediêre fase (Graad 4-6)**



TOP 10: **Seniorfase (Graad 7-9)**



TOP 10: **VOO-fase (Graad 10-12)**









Ons bedank graag vir Juffou Hermien van Jaarsveld vir die Top 5 en Top 10 foto's.

# LIEFLIKE LENTE

Nurbiike van Graan

In ‘n mens se lewe is daar verskillende seisoene. Almal beleef een of ander tyd ‘n winterseisoen in hulle lewe. Dit kan ‘n tyd wees waar niks vir jou sin maak nie. In daardie tyd leer jy baie en so kan jy groei. Gelukkig kan dit nie vir ewig winter bly nie. Na die winter breek die lente altyd weer aan. Die lente is ‘n tyd wat hoop en vreugde simboliseer. Lente is ‘n teken van nuwe lewe en ‘n nuwe begin. Vir my is dit God se manier om te wys dat daar na die donker altyd weer lig skyn.

Kyk altyd na die sonskynkant van die lewe!



## Nog lente-inspirasie...

Melissa Maffini

Lentedag is ‘n baie spesiale dag. Sonneveld Akademie het die lente behoorlik gevier. Dit was ‘n dag van vreugde en blydskap. Leerders kon plantjies bring vir ons beddings en kon saam met die personeel tuinmaak.

Ons staan aan die begin van ‘n nuwe seisoen. Onthou die Here gee elke dag vir ons nuwe krag en ‘n kans om ons bloeisels te laat bot en te groei!



Onder: Tannie Lindie en een van ons ywerige tuinmakers.





















Bo: Meneer Weber en sy spannetjie helpers plant ywerig aan die lenteblomme.

Onder: Juffrou Jane Weber neem deel aan die lentepret.



Onder: Juffrou Petro Rudolph plant lenteblommetjies met 'n lied in haar hart.





Tannie Lynn-Mari Burger (bo) en Juffrou Sonja Jooste (onder) is hard aan die woel in ons tuin.





Juffrou Letitia Smit (bo) lyk self soos 'n lenteblommetjie en Meneer Willem de Lange (regs) is altyd 'n bok vir sports.



## SONNIES SE SUPERSTERRE

Chelaine van Staden

Vanjaar se ***Sonnies se Supersterre*** was beslis 'n verskieting van wonderbare talent en passie. In hierdie tydperk het ons skool regtig uitgebeeld wat dit beteken om 'n superster te wees. Van oulike danse wat skyn tot by solo's wat skitter.

Vanjaar se revue is deur Juffrou Ilzé Swart gekoördineer en in haar eie woorde was die revue 'n "unieke ervaring" wat sy graag weer sal wil meemaak. Juffrou Swart het ook bygevoeg dat alhoewel dit baie werk en voorbereiding gekos het, sy kon sien dat al die leerders en selfs al die onderwysers hulself ongelooflik baie geniet het.

Juffrou Swart voeg by dat alhoewel daar 'n paar struikelblokke was, wat die Sonnies familie moes oorkom, was die revue 'n reuse sukses en het ons as 'n familie gegroei. Die Sonnies het nuwe vriende gemaak en selfs nuwe talente ontdek.

Sonneveld Akademie het reeds nuwe planne vir die volgende geleentheid om weer te skitter.



Bo: Twané van Niekerk en Timothy Weber was die sjarmante aanbieders vir die aand.



Bo: Juffrou Ilze Swart was 'n raakvatter en het die Sonnies gelei om 'n uitstekende produksie op die planke te bring.



Bo: Juliana du Plessis se weergawe van *Ek reik na die sterre* was asemrowend.



Bo: Maarten van Jaarsveld is 'n jongman met groot musiektalent. Hy het vir die gehoor viool gespeel.



Bo en regs: Deyshana Bauermeister het die gehoor bekoor met haar mooi talent.



Bo: Die Kleuterskool se *Hickory Dickory Dock*-groepie het die gehoor se harte gesteel.



Bo: Die *Baby Shark*-groepie was 'n gunsteling.



Bo: Luca-Leigh Niewoudt se pragtige vertolking van *Glory Land* het hartsnare geroer.



Onder: Die Kleuterskool se *Itsy Bitsy Spider*-groepie was vol selfvertroue en oulik. Die kleuterskool is deur Juffrou Erika Gerber en Juffou Alida Fourie afgerig.



Onder: Heinrich Burger en Luca-Leigh Niewoudt is toneelspelers van formaat.





Bo en onder: Die graad 1-3's se dansgroep het die gehoor se voete omtrent laat jeuk met 'n verskeidenheid Afrikaanse sokkietreffers. Juffrou Yolanda van Rooyen het vir hierdie groepie die oulikste danspassies geleer.





Bo: Mieke Bosman se solo-item het die gehoor laat asems ophou.





Die graad 6-7 dansgroep (bo) en die graad 4-5 dansgroep (onder) het onder Juffrou Margeaux Vorster se leiding gestaan. Hulle het eietydse, moderne treffers gekies en het mooi gedans.





Bo: Kaylee Deetlefs en Mieke Bosman se ritme en soepelheid was aanskoulik.

Onder: Chelaine van Staden bekoor die gehoor met *Always remember us this way.*



Onder: Nicole Stears het die gehoor gaande gehad met haar passievolle weergawe van *Simply the best.*





Bo: Benriku Oosthuizen (hier saam met sy dansers, Marudé Steenkamp en Keairah Davies) se diep Country-stem was beslis 'n gunsteling.

Onder: Die sjarmante Benriku se *Boot Scootin' Boogie* wou almal net laat dans!



Onder: Maarten van Jaarsveld en Leandi Oelofse se toneelspel was oortuigend. Hulle het net weer vir die gehoor bevestig dat Shakespeare immergroen is.



Onder: Jarin Datnow en Karli Visagie se *You're the One that I want* was een van die aand se hoogtepunte. Die hoërskool is deur die ervare Juffrou Elmine Steenkamp afgerig. Die talentvolle Jarin Datnow het sy unieke stempel op al die hoërskooldanse afgedruk.



Onder: Roux-André Agenbag en Nicole Stears was twee van die dansers wat saam met Jarin en Karli *You're the one that I want* gedans het.



Onder: Die hoërskool se *Footloose*-groep was nóg 'n treffer!





Bo: Karli Visagie en die res van die *Beat it*-groep het groot applous ontlok.

Onder is Theané en Odelia Scholtz, Chenelle Dietrechsen en Jarin Datnow. Kiara van der Westhuizen was ook deel van die dansgroep, maar is ongelukkig nie afgeneem nie.



Onder: 'n Trotse Juffrou Petro Rudolph en Juffrou Hermien van Jaarsveld is hier saam met Leandi Oelofse.






Bo en onder: Die Sonnies-orkes (Roux-André Agenbag, Jarin Datnow en Juliana du Plessis) en 'n paar Sonnies-"supersterre" het die aand op 'n hoogtepunt laat eindig.





Bo: Theané Scholtz en haar sussie Odelia Scholtz is baie talentvolle dansers.



Bo: Twané van Niekerk se monoloog, *Eerste soen*, het die gehoor laat skater.





Bo: Onder Juffrou Hermien van Jaarsveld se leiding het die graad 7's se toneelgroep vir die gehoor gewys hoe maklik 'n misverstand kan ontstaan.



Bo: Tannie Lindie Fourie was Meneer Alan se Nonna in die personeelitem.





Bo: Die graad 9's se toneelgroep is ook deur Juffrou Hermien van Jaarsveld afgerig. Die gehoor kon beslis met hulle toneelstuk, *Binnelandse sake*, identifiseer. Hierdie toneelstuk is deur Timothy Weber in graad 7 geskryf. Onder is tonele uit *Binnelandse sake*.





Ons bedank graag ons hoof, Meneer Steven Weber (links) en ons beheerliggaam vir die geleentheid om *Sonnies se Supersterre* te kon aanbied. Regs is Dominee Leon van Jaarsveld, ons beheerliggaam-voorsitter.




# Lewenswetenskap vir die wat nie gril vir bloed nie…

Geraldine Durandt

Die graad 11-klas het saam met Juffrou Letitia die wetenskap van lewe bestudeer. Hulle het na die anatomie van longe en niere gekyk deur dit sommer self te dissekteer. Hulle het baie na die les uitgesien en dit was beslis vir hulle groot pret en baie leersaam.



Met respek gesê, Juffrou Letitia.






Onder: Nurbiike van Graan en Geraldine Durandt skrik nie vir organe nie.




## WANT WETENSKAP IS LEKKER!

Leané Viljoen

Die graad 11-klas het hierdie kwartaal hulle laboratoriumjasse aangetrek en begin eksperimenteer. Die klas het hulle Chemie-kennis ingespan na 'n jaar se harde werk en 'n baie suksesvolle eksperiment uitgevoer. Hulle verstaan suur basis tritasie nou baie beter. Al wat nou oorbly is die wetenskaplike verslae, want wetenskap is lekker!











# Lief en leed



Bo: Sonneveld Akademie wens graag vir Juffrou Elmine Steenkamp (hierbo saam met haar ouers) baie geluk met die kwalifikasie wat sy vroeër vanjaar verwerf het. Ons is baie trots op Juffrou!

Onder: Juffrou Anneke Swart se seuntjie, Tyson, hou saam konsert. Hy lyk vir ons na 'n voornemende superster! Hy sal beslis ons steun kry, Juffrou Anneke.





## Dis lekker om by die skool te verjaar!

Onder: Zandru Steenkamp maak saam met sy maatjies pizza vir sy verjaarsdag. Zandru het aan alles gedink. Hy het al die bestanddele saamgebring. Sy span kokke was ook uitgevat in voorskote en hoede.

Baie geluk, Zandru! Ons hoor by Juffrou Alida jy word nou sommer 'n groot seun.






## Oom Brandweer leer die kleuterskool mooi!

Onder: Die brandweer het hierdie kwartaal die kleuterskool besoek en die leergierige kleuters baie mooi geleer.













# Die graad 7- entrepreneurs kwyt hulle uitstekend van hulle taak!




Heerlike eetgoed is verkoop.














Só kweek ons besigheidsmanne en –vroue van jongs af.



Kleurvolle, aantreklike stalletjies het die leerders nader gelok.




Onder: Tannie Suzette Binneman se gesig word geverf.



Regs: Juffrou Petro Rudolph het ook dapper ingestem om die gesigverf te ondersteun.






Die Sonnies kon kies en keur uit 'n groot verskeidenheid produkte.








# Sonnies wys daar is groen bloed in hulle are!



Daar is beslis nie 'n gebrek aan gees by Sonneveld Akademie nie. Hier wys die Sonnies waar hulle harte lê. Oud en jonk het bokkoors.



SA RUGBY







*Sonnies Flitse* wil graag vir Tannie Suzette Binneman bedank vir die foto's. Tannie Suzette het 'n oog vir aksie en is altyd gereed om 'n foto te neem. Hier is Tannie Suzette saam met Juffrou Anneke Swart (links) en saam met Tannie Lindie Fourie (regs).





# Juffrou Sonja Kromhout glimlag breed...













Die graad 4's het spogtake vir Juffrou Sonja Kromhout gelewer. Met hierdie musiekinstrumente het hulle die vloei van energie in 'n stelsel gedemonstreer. Julle het pragtige werk gelewer, graad 4's!

# VORME VAN ENERGIE



# Juffrou Hermien van Jaarsveld is baie beïndruk…






Nog 'n Juffrou wat in haar noppies is met die leerders se voortreflike take is Juffrou Hermien van Jaarsveld. Juffrou Hermien bied verskeie vakke aan en het selfoonsakkies, huisies, hoede, kunstake en Bybeltake by die dosyne ontvang.









Hierdie is maar net 'n paar van die pragtige take wat Juffrou Hermien ontvang het. Ons kon ongelukkig nie alles plaas nie, maar ons is baie beïndruk met julle werk.
















## Welgedaan Sonnies!

## HOU SO AAN! HARDE WERP ALTYD VRUGTE AF!